



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



GROETE AAN AL DIE RYNIES!

Welkom terug aan al die Rynies na die bonus-week van vakansie. Ons hoop almal is uitgerus vir die res van die kwartaal. Ons is in Mei-maand wat die laaste maand van herfs is voor die winter begin. Maak asseblief seker dat u kind/ers warm aangetrek is wanneer die winter temperature begin daal. Maak gerus ook gebruik van ons klerebank vir winterbaadjies ens.

Ons het hierdie week amptelik begin wintersdrag dra.

Na hierdie week is daar nog 7 weke van die kwartaal oor en die eksamen begin oor bietjie meer as 2 weke, hierdie week uitgesluit.

Sien eksamenreëlins elders in die nuusbrief.

**Eerskomende
Saterdag,
10 Mei, vind
ons Opedag by
die skool en
kleuterskool
plaas. Gee
asseblief die
datum vir al u
vriende en
familie deur.**

**LAERSKOOLO RYNFIELD
RYNFIELD KLEUTERSKOOLO**

Gr. 1 Gr. R Gr. 00 Gr. 000

OPEDAG

10 MEI 2025

09:00 -11:00

✉ admin@rynfieldlaer.co.za

☎ 011 425 1107

🌐 www.rynfieldlaerskool.co.za



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



JUNIE EKSAMENREËLINGS:

Gedurende die eksamen sluit die skool daaglik om 13:00 vir al ons leerders vanaf Gr. 1 tot Gr. 7. Vanaf Woensdag, 28 Mei 2025, sluit die skool dus daaglik om 13:00 vir al die leerders totdat die skool op Vrydag 27 Junie 2025 vir die wintervakansie sluit. Op die betrokke dag sal die skool reeds om 10:00 sluit en ons beoog ook om rapporte op die dag uit te deel. Al is die eksamen verby, kom die skool steeds om 13:00 vir al die leerders uit.

Leerders kan dus daaglik vroeër begin leer aangesien alle buitemuurse oefeninge in skooltyd afgehandel word en die personeel kans kry om te merk en punte te finaliseer vir die rapporte.

Gedurende die eksamen wissel die leerders vanaf Gr. 4-7 nie. Volgens Departementele voorskrif mag laerskoolleerders gedurende eksamen nie tuis bly as hulle op die betrokke dag niks skryf nie. Bloktyd mag ook nie toegestaan word nie. Leerders kan ook nie vroeër afgehaal word nie en moet daaglik by die skool wees tot 13:00.

SESSIEBEPLANNING
TYDENS DIE EKSAMEN:

07:30	SKOOL BEGIN
07:30 - 08:00	REGISTER / STUDIETYD
08:00 - 09:45	EKSAMEN
09:45 - 10:15	EERSTE POUSE
10:15 - 11:30	KULTUUROEFENING / STUDIETYD
11:30 - 11:55	TWEDE POUSE
11:55 - 13:00	SPORTOEFENING / STUDIETYD
13:00	SKOOL VERDAAG



In sommige vakke met langer vraestelle begin ons onmiddellik om 07:30 skryf. Moet asb. nie u kind/ers benadeel deur laat te wees nie!




RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD




PERSONEEL

Selinah, ons kombuiswerker, het voor die vakansie afgetree na 30 jaar diens by Laerskool Rynfield. Ons bedank haar vir al die jare se getroue diens en hoop dat sy die aftrede gaan geniet!



RYNIES PRESTEER:

Declan Jurgens het 2de in die Rotax Regionals gekom en 3de vir die Nationals by Vereeniging Resiesbaan die naweek van 24- 26 April.



Die volgende 3 Rynies het deelgeneem aan die Gauteng SA JKA Gauteng Provincial Championships. Hulle het al 3 hulle Gauteng kleure behaal, en het deurgedring om Gauteng te verteenwoordig by die SA JKA National championships en JKA WF Africa Cup wat op 23 en 24 Mei plaasvind. Die leerders van links af is Kearin McLaughlin en Liam Swarts in graad 6 en Kelsey Young in graad 1.



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



LAERSKOOLO RYNFIELD OPEDAG

KOM BESOEK
RYNIELAND

10 MEI '25

VLUGTE
VERTREK VAN 9:00-11:00

EKSKLUSIEWE EERSTEKLAS VLIEGTUIGKAARTJIES
AAN ALLE VOORNEMENDE RYNIES VAN 2026



INSKRYWINGS
VIR 2026 REEDS
OOP!



Wikkel jou lyfie en kom kyk waar is die beste plek
vir jou om te groei...

 Rynfield Kleuterskool

Opedag

Gr.000 tot Gr.R

10 Mei 2025

09:00 - 11:00

op die h/v Brodigan- en Millburnstraat

 **ONS GROEI**

011 425 1107
admin@rynfieldlaer.co.za



KLEUTERSKOOLO

LAERSKOOLO RYNFIELD





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



Laerskool Rynfield
NETBAL NETBAL NET
Superliga datums

Woensdag - 16 April 2025
Tuis teen Delville

Woensdag - 7 Mei 2025
Weg teen Randhart

Woensdag - 14 Mei 2025
Weg teen van Riebeeck Park

Vrydag - 16 Mei 2025
Weg teen Orion

Dinsdag - 20 Mei 2025
Tuis teen Impala

Donderdag - 22 Mei 2025
Weg teen Concordia

Dinsdag - 27 Mei 2025
Tuis teen Kruinsig

Saterdag - 7 Junie 2025
Ekurhuleni uitspele

NETBAL UITSLAE
7 MEI 2025
vs. Laerskool Randhart

O/10 A	O/10 B
19 vs 18 L/S RYNFIELD vs ONS GLO	10 vs 6 L/S RYNFIELD vs ONS GLO
10 vs 14 L/S RYNFIELD vs ONS GLO	10 vs 19 L/S RYNFIELD vs ONS GLO
13 vs 30 L/S RYNFIELD vs ONS GLO	7 vs 11 L/S RYNFIELD vs ONS GLO
Eerstespan 13 vs 17 L/S RYNFIELD vs ONS GLO	Tweedespan 8 vs 24 L/S RYNFIELD vs ONS GLO



TENNISOEFENING

VIR DIE GR4 - 7 LEERERS WIE DIE PROEWE EN VORIGE OEFENING BYGEWOON HET.

Geen snoepie is beskikbaar nie.
Bring asseblief eie eet en drinkgoed.

VRIDAG 9 MEI 2025
14:30 - 15:30
BENONI NORTHERNS SE TENNISBANE

VIR ENIGE ANDER NAVRAE IS U MEER AS WELKOM OM N BOODSKAP BY ONTVANGS TE LOS.
JUFFROU SAL DAN TERUGKOM NA U TOE.



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



REVUE:

Ons herinner alle revue-leerders aan die betalings vir revue.

Maart - R500 Deposito

April - R300

Mei - R300

Junie - R300

Julie - R300

Augustus - R300

Maart en April se fooie moes alreeds betaal gewees het.

Dankie vir die wat reeds betaal het. *Groete, Juf. Bianca*

Oefentye:

12 Mei - Gr. 4: 15:00 - 16:30

- Gr. 5: 16:30 - 18:00

19 Mei - Gr. 6: 15:00 - 16:30

- Gr. 7: 16:30 - 18:00

KULTUUR:

Gr. 6 & 7 leerders wat Dinsdag 13 Mei aan die Interne Public Speaking deelneem het reeds hul inligting ontvang. Maak asseblief seker dat julle betyds is.

INTERSKOLE GAUTENG:

INDIVIDUELE REDENAARS: 31 MEI

Ons wag nog op die program vanaf die Interskoleliga. Elke kind sal die program ontvang sodra ons dit het.

Juf. Jariska, 'n welbeleë oud-Redenaar is bereid om met die individuele redenaars te oefen.

Doen gerus navrae hieroor by Juf. Barbara as julle wil saam oefen. *Kultuurgroete, Juf. Barbara*





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



CHEERLEADING:

Baie geluk aan ons volgende dogters wat as kapteine gekies is vir SA's 2025!

Cheer - O/Kaptein:
Mariska Nel




Cheer - Kaptein:
Mia Coetzee



Pom-Pom Kaptein:
Chenique Grigor



Pom-Pom O/Kaptein:
Isabella van der Walt



Baie sterkte aan ons dogters wat weer Saterdag aan die 3de kompetisie gaan deelneem.

Julle het hard gewerk doen net jul bes!





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



MEDIASENTRUM:

Ons spog met 'n splinternuwe mediasentrum!

Ons wil graag hierdie sentrum vol lekker leesboeke maak vir ons leerders.

Ons vra groot asseblief as jy dalk Afrikaanse of Engelse leesboekies tuis het, geskik vir laerskoolleerders, skenk dit vir ons sentrum.

“Lees is ‘n fees”



NASKOOLPOS

Sluitingsdatum vir aansoeke:

Donderdag - 15 Mei 2025

Stuur asb volledige CV na Sonja

admin@rynfieldlaer.co.za

Salaris op aanvraag



NASKOOL

LAERSKOOOL RYNFIELD



EKSAMEN:

Die eksamen is om die draai en begin reeds oor 3 weke. Maak asseblief seker leerders pak leerwerk in en begin vroegtydig voorberei vir die eksamen. Sodra leerder se huiswerk afgehandel is, moet hulle leer.

KLEREDRAG:

Die winter kruip stadig maar seker nader. Sorg asseblief dat leerders warm klere en skoene inpak vir later in die middag.

NUWE HEK EN SEKURITEITSISTEEM:

Ons is in die proses om ons sekuriteit op te skerp en die nuwe hek is reeds op. Hou asseblief die nuusbrieff en WhatsApp-groep dop vir reëlins wat getref gaan word in verband met die gesigsherkenningstelsel.

NASKOOL SPYSKAART:

Maandag 12/5: "Russians"
kapokaartappels & skorsies
Dinsdag 13/5: Lasagne
Woensdag 14/5: Maalvleisrolletjies
Donderdag 15/5: Hoender, rys en
groentes
Vrydag 16/5: "Hot-dogs"
• Elke dag vrugte en sap

SNOEPIE SPYSKAART:

Maandag 12/5: T/s Cheese
Dinsdag 13/5: Wraps
Woensdag 14/5: Pasteie
Donderdag 15/5: Slap Chips &
"Russians"
Vrydag 16/5: "Footlongs"





TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



Moet
NOOIT
IEMAND
op sy
baadjie
takseer nie...
partykeer
skuil
die **MOOISTE**
hart
in 'n
verslete JAS



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



Fancy Fitwork
Northmead Benoni

DANCEFIT
STEP AEROBICS
STRETCH & TONE
BALLROOM & LATIN
WEDDING DANCES

0846772254



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

Het jy 'n
markontleding nodig
om jou eiendom se waarde te
BEPAAL?

☎ 010 442 9875
☎ 083 785 3447

RE/MAX
DAZZLE

BOKSBURG | BENONI | KEMPTON PARK

SCAN 

WWW.REMAXDAZZLE.CO.ZA

MARKWAARDE



Gas Installers

Lpg gas/Natural gas
COCs &
Maintenance
Gas Appliance
Installations/repairs

071 879 0785



ABBEXGAS





ADVERTENSIES

LAERSKOOI RYNFIELD



SABRES

PLAYERS WANTED

PRACTICE EVERY TUESDAY
AT FESTIVAL MALL
ICE RINK, KEMPTON PARK
18:00 - 19:00

PLAYERS WANTED FOR THE FOLLOWING LEAGUES:
U14, U16, U18, LADIES, AND GOALIES

FIRST 2 PRACTICES ARE FREE

LOAN KIT AVAILABLE TO START

@Sabresicehockey EDDIE: 082 945 4452 EILEEN: 084 810 1122 Sabres@giha.co.za



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD

ACE IT TUTORING

Werk hard vandag vir n beter more

Ekstra klasse wat ons aanbied:

- Afrikaans en Engels (GR R-12)
- Wiskunde (GR R-12)
- Ander vakke (GR 4-12)

Lesse Kan in Afrikaans en Engels gegee word

**Maandae - Vrydae
(14:00-18:00)**

Waar om ons te vind:

71 Glen gory rd, Norton Home estates, Benoni north

Kontak ons:

Lucy:066 258 9167
robbertze68@gmail.com